Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 12 Deel 110
VRYDAG - 29 MAART 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Nóg 'n SA Kampioen



## Heilbron spog met twee

Nog 'n leerder van Hoërskool Heilbron spog met 'n goue medalje wat op die Suid-Afrikaanse Skole kampioenskappe verower is. Sarel Mouton het tussen 20 en 23 Maart aan die SA kampioenskappe gaan deelneem te Port Elizabeth. Met 'n hoogte van 4,4m het Sarel die goue medalje in die sak. Hierdie is die tweede SA's goue medalje wat Sarel verower het. Sarel het al 'n paar keer op die podium gestaan. In graad 8 het hy 'n brons medalje verower, in graad 9 sy eerste goud en in graad 11 het hy ook brons ontvang. Sarel en sy afrigters, Jannie Jansen en Gerhard Marx, het baie hard gewerk deur al die jare van atletiek om hierdie posisie moontlik te kon maak. Dit is vir hom 'n groot eer om met goud weg te stap in sy matriekjaar. De Jager Jooste, ook van Hoërskool Heilbron, het 'n brons medalje ontvang in dieselfde item as Sarel. Al drie plekke op die podium vir paalspring is aan Vrystaters toegeken. Heilbron kan trots wees op al hul atlete.



*Op die foto vl: De Jager Jooste en Sarel Mouton, medaljewenners.*

# Huisinbrake neem toe

## Heilbron word gewaarsku

Die polisie rig 'n waarskuwing aan die gemeenskapslede in en om Heilbron om bewus te wees van persone en voertuie wat verdag voorkom.

Huisbrake op plase neem ook steeds toe. Wees op die uitkyk vir verdagtes en stel dadelik die polisie in kennis sou onraad vermoed word.

Huisbrake wek steeds kommer in Heilbron. Twee verdagtes was betrokke by 'n rooftog in Phiritona. Kontant, 'n selfoon en 'n skootrekenaar is tydens die inbraak gesteel.

Inligting kan aan Heilbron polisie deurgegee word om die saak op te los.

# Verdagtes steeds in aanhouding

Die drie verdagtes wat Vrydag-oggend, 8 Maart gearresteer is vir die rooftog te Vyandsvlei-winkel op Sondag-middag 3 Maart, het op 20 Maart in die Heilbron Streekshof verskyn vir borgaansoeke.

Die saak is uitgestel tot 5 April waarna dit voortgesit sal word. Na verwagting sal uitspraak dan ook gelewer word.

Die verhoorafwagtendes is steeds in Heilbron in aanhouding. Hulle is gearresteer nadat daar 'n rooftog plaasgevind het waarin die eienaar van die Vyandsvlei-winkel en een van die rowers noodlottig gewond is. Hulle is op die toneel dood verklaar.

FRANKFORT VEILING

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**
**Elke Donderdag**
**te Royal Auction Centre**



**Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:**
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

**BKB Louwid Noord:**
**"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"**

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

TATA HEILBRON

VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!

TATA HEILBRON

# Soekie word 99 jaar

Sommer twee verjaarsdae so op mekaar is gedurende die week by Huis Bron-van-Heil gevier. Tannie Soekie van Graan het 99 jaar oud geword op Dinsdag, 26 Maart 2019. Sy is 'n spesiale inwoner en die langste woonagtig in Huis Bron-van-Heil - 22 jaar. Tannie Soekie is in Vrede gebore. Sy het daar grootgeword en as 'n boervrou gewerk. Sy het verhuis na Heilbron waar sy al meer as 30 jaar woon. Sy was werksaam by die destydse Handelshuis en daarna by Edgars. Daar het Tannie Soekie gewerk totdat sy afgetree het. Sy is geseënd met twee kinders, 'n seun en 'n dogter, 5 kleinkinders, 8 agterkleinkinders en wonderbaarlik 7 agter-agterkleinkinders. Op die foto is Geraldine van Graan, Tannie Soekie van Graan en haar seun, Hennie van Graan. Hulle is afkomstig van Mosselbaai. Die inwoners van Huis Bron-van-Heil is 'n tweede dag bederf met lekker eetgoed om die verjaarsdae mee te vier.



*Op die foto vl: Geraldine van Graan, Tannie Soekie van Graan en haar seun, Hennie van Graan.*

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033**
**E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za**






# 100 Jaar mylpaal bereik

Om die ouderdom van 100 te bereik is 'n groot voorreg, om nog gesond en bewus te wees van alles rondom jou is 'n groter voorreg. 'n Inwoner van Huis Bron-van-Heil, Tannie Rhoda Heyns, het Maandag 25 Maart 2019 haar 100ste verjaarsdag met oorgawe gevier. Met lekker eet- en drinkgoed is daar heerlik saamgekuier op die groot dag. “Dit was so lekker om bederf te word op my verjaarsdag”, sê sy met 'n groot glimlag. Heyns se seun het al die pad van Zimbabwe af gekom om die spesiale dag saam sy moeder te kan vier. Tannie Rhoda is in 1919 gebore en het groot geword in Zimbabwe, waar sy 70 jaar gewoon het. Haar man was destyds 'n boer in Zimbabwe, maar is in 1996 oorlede. Sy het in 'n besigheid se kantoor vir 10 jaar gewerk. Op die ouderdom van 70 het sy daar afgetree en verhuis na Heilbron waar sy nou 30 jaar lank woon. Sy is ook al 10 jaar woonagtig te Huis Bron-van-Heil. Tannie Rhoda het twee seuns uit haar huwelik, 5 kleinkinders en 10 agterkleinkinders. Sy meen sy is nog heeltemal gesond, behalwe vir al die pyne en skete wat met die ouderdom gepaard gaan.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 3 | 2 | | 5 | | 1 | | |
| | 4 | | 6 | | 2 | | | 7 |
| 1 | | | 7 | | | 5 | 4 | |
| | | 1 | | 9 | | | 7 | 3 |
| 8 | | 6 | | | 3 | 2 | | |
| | 7 | | 8 | 4 | | | 9 | |
| 3 | | | 9 | 6 | | | | 8 |
| | 8 | 4 | | | 7 | | | 1 |
| 5 | | | | | 4 | 7 | 3 | |

## SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.


FANTASTIESE
PAAS
BESPARINGS
My SPAR
SOOS OP TV
SPAR Langlewe Volroom, 2% Lae Vet of Vetvrye Melk 6 x 1 liter
59 99 per pak
SOOS OP TV
SPAR Malva-eiers 48s
59 99
Kellogg's Volgraanvlokkies 750 g
44 99
SPAR Select Vars Hoenderbors-filette
69 99 per kg
SOOS OP TV
Liqui Fruit 100% Vrugtesap 1,5 liter
19 99 elk
SOOS OP TV
SPAR Margarien Blok 500 g
13 99
SOOS OP TV
Ola Rich 'n Creamy Roomys 1,8 liter
39 99 elk
SOOS OP TV
Baby Soft Toiletrolle (Dubbellaag) 18s
Kry 'n ekstra R5 af x 20
WINKEL PRYS R94 99
Rewards lidmaat betaal: R89 99
Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) tot en met 31 Maart 2019 terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. TV-produkte landwyd beskikbaar. Nie beskikbaar in die Upington of Kaimoes area. KwaZulu-Natal, die Laeveld of die Wes- en Oos-Kaap nie. Pryse sluit BTW in.
Vir meer besonderhede: www.spar.co.za of in die winkel
Kry ons op /myspar

# Bootreis *(Deel 2)*



'n Sikloon is, volgens Wikipedia, 'n groot lugmassa wat rondom 'n middelpunt van lae atmosferiese druk sirkuleer. Siklone word gekenmerk deur inwaartse spiraalwinde wat rondom die lae druk sirkuleer. Orkane, siklone en tifone is blykbaar een en dieselfde ding, maar word verskillend genoem omdat dit in verskillende oseane voorkom.

Sikloon Idai was 'n tropiese sikloon wat as een van die ergste en kragtigste siklone is wat Afrika, en die suidelike halfrond, ooit getref het. Idai het deur Madagaskar, Mosambiek, Zimbabwe en Malawi getol. Winde van tot 205 km/h is gemeet en rukwinde kon tot 280 km/h wees. Daar is nog nie 'n totale sterftesyfer aangeteken nie, omdat daar nog na mense gesoek word.

**DIT WAS AS GEVOLG VAN IDAI DAT ONS OU SKIPPIE NIE TOT BY POMENE KON VAAR NIE.** Maar as Pomene halfpad so mooi is soos die strande wat ons gesien het, sal ek dit regtig graag wou sien.

Ons word wakker met 'n groot eiland in ons gesigsveld. So effens opgewonde.

Ons kry kaartjies om met die tender na die Portugese Eiland te gaan. Die skuitjie kan so 70 mense oplaai. Daar staan drie fris matrose by die oplaaipunt en gryp elkeen sonder seremonie aan die arm en help jou tot in die tender. Ons skipper jaag soos 'n wafferse drywer tot op die eiland.

Dit wemel van die eilandbevolking. Ek kom later agter dat daar niemand op die eiland woon nie. Daar is wel mense op Inhaca, nog 'n eiland 'n klipgooi (skulpgooi?) van daar af. Hulle en hulle goedere word in die oggend opgelaai en vanaf Inhaca na die Portugese Eiland vervoer. Daar kan hulle hulle ware gaan verkoop. Daar is 'n streep in die sand getrek. Letterlik. Die plaaslikes mag nie oor die streep na die toeriste nie. Maar die toeriste kan heen-en-weer beweeg.

Ons klim op 'n ander kleiner bootjie en gaan Inhaca toe. Dit is 'n besoek aan die ekologiese basis. Ons klim uit die bootjie en stap so 20 meter deur die water tot op die eiland. Die "Maritime Museum" is deur Wits in die vyftigerjare gebou. En moontlik was dit hulle wat dit die laaste keer geverf het.

**DIE GIDS IS ENE PORTUGESE AKSENT.** Ons groepie bestaan uit 10 mense. Waarvan 4 uit die VSA kom. Ek hoor my man agter my prewel: "Party mense kan niks saggies doen nie."

Ek verstaan eers nie mooi nie, maar toe hoor ek dit. Soos 'n gekwetter van voëls kom haar gepratery. Alles wat iemand sê, herhaal sy. Elke laaste frase van 'n sin herhaal sy. Weer.

*"O, my! They want me to fill in my name! My name!"* Sy skryf haar naam in die besoekersboek.

*"O, dear, now they want my age! My age!"* Sy skryf haar ouderdom (70, blaker sy dit uit) in die besoekersboek.

Die gids probeer sy bes om in Portugese Engels te verduidelik watter van die gebottelde diere waar in die omgewing aangetref is. En of dit giftig is of nie. Babbelbekvoëltjie herhaal alles en wikkel haar groot lyf tussen almal in. Ek vra die gids 'n vraag en Babbelbekvoëltjie val die arme gids vir die soveelste keer in die rede en beantwoord my vraag. Ek sê ewe koel, in my Amerikaanse aksent (ek dink dis aansteeklik): *"I wanna hear his answer. Thank you."* Die tannie word Toebekvoëltjie. Die gids vertel ons van die *high level of powarity* van die *local people*. Ek sukkel om te verstaan, Hy *praat-praat-praat* en vertel weer van die *high level of powarity* van die *local people*. Ek kom toe agter dat die plaaslike bevolking arm is. Dit is wat die gids die hele tyd wou sê!

**BUITE DIE KANTOORTJIE HANG DAAR DRIE GROOT SKILPADDOPPE**: Twee van *loggerhead* seeskilpaaie en een *leatherback* seeskilpad. Die *leatherback* het 'n erge letsel op sy rug.

Babbelbekvoëltjie wil weet wat met die *leatherback* se dop gebeur het. Die gids vertel dat hy geval het en homself beseer het. Die groepie mense *oe* en *aa*. Totdat die gids verduidelik dat die dop van die muur afgeval het, en toe skuur dit teen die vloer. Die skilpad was toe al lank se tyd dood.

Ons keer terug na die Portugese eiland (nadat vier mans die bootjie moes stoot tot in diepwater) en word begroet deur die heerlikste geure. Daar is vier kosstasies: braaivleis, vis, vrugte en slaai.

Ons gaan strand toe. Die water is helder en jy kan sekerlik so 80 meter diep in loop en nog steeds staan. Daar is geen golfie nie.

Maar ons weet blykbaar nie presies hòè om vakansie te hou nie. Veral wat die selfies aanbetref.

Om elke hoek en draai moet jy iewers staan en wag dat iemand klaar selfies neem. Selfs tot in die see. Toe ons heerlik in die see ronddryf, bots ek teen iemand wat sowaar nekdiepte in die water is en 'n selfie neem! Praat van akrobate.

Ons koop 'n groot bier vir R25, en drink dit gulsig op. Ons klim weer op die tender en 11 minute daarna gryp 'n groot matroos my arm vas en help my weer tot op die boot. Ons kry 'n heerlike koel lappie om die sweet af te vee en verwelkom die lugverkoeling.

**ONS BESLUIT VIR DIE EERSTE KEER OM MET DIE HYSBAK TOT OP DIE TIENDE DEK TE RY, WANT ONS IS UITGEPUTMOEG.**

Môre gaan ons rondom die Portugese Eiland stap. Dit is 6,2 km ver en sal blykbaar so twee ure neem.

In ons kajuit kry ons die omsendbriefie van die kaptein: ons kan nie opgaan tot by Pomene nie, want die sikloon het pas daar aangekom.

Ek onthou wat met die Titanic gebeur het (en daar was nie eers 'n sikloon naby nie!) en slaak 'n sug van verligting. Portugese Eiland is so mooi, ons kan sommer môre weer gaan.

Ons gaan eet en sit weer by Chris en Penny. Hulle drink steeds Shiraz, al maak dit nie dronk genoeg nie.

Volgende week vertel ek van ons staptog rondom die eiland.

*Ahoi!*

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
Vyfde Lydensweek
**Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Sin Kol: Gemeente Uitbreiding
Blok 2

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 4 & 5

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Vyfde Lydensweek**
**Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens / **Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz
*Program vir week*
**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**


**Heilbron Dienssentrum**
*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades
**PROGRAM**
**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**
Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week vir die publiek oop en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30
BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIE DAE.

God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see.
Psalm 46:1-2


habby&lace
SOUTH AFRICA'S NO1 FABRIC & HOME STORE
WWW.HABBYANDLACE.COM
Easter
sale
FOLLOW US FOR DAILY POSTS
016 422 5400
info@habbyandlace.co.za
56 Voortrekker Street, Vereeniging
We Courier Throughout SA
DOUBLE SIDED MONGOLIAN FLEECE (150CM)
NOW R79.99 PM
PLAIN & PRINTED POLAR FLEECE
NOW R24.99 PM
NEW DESIGNS JUST UNPACKED!
JACQUARD & PRINTED FLUFFY FLEECE (150CM)
NOW R49.99 PM
IMPORTED FUR (150 - 180CM)
WAS R199.99 PM | NOW R99.99 PM
SAVE R100
WIDEST RANGE IN SA!
BOUCLE (150CM)
WAS R89.99 PM | NOW R39.99 PM
SAVE R50
1000M SERALON SEWING COTTON
NOW R22.99 PER REEL
SCHMETZ UNIVERSAL NEEDLES
WAS R22.99 EA | NOW R16.99 EA
SAVE R6
3PC TRIUMPH SCISSOR SET
WAS R69.99 EA | NOW R49.99 EA
SAVE R20
TRACING PAPER (5 PER PACK)
WAS R37.99 | NOW R23.99
SAVE R14
WOODEN METER STICKS
NOW R14.99 EA
RECTANGLE FOLDING TABLES 1.8M
NOW R650.00 EA
ROUND 180CM
NOW R1499.99 EA
DAISY LAUNDRY BASKETS
NOW R119.99 EA
CHARITY DK (100G)
WAS R23.99 EA | NOW R19.99 EA
TWIN PACK HOLLOW FIBRE PILLOWS
WAS R99.99 EA | NOW R49.99 EA
SAVE R50
ORGANZA KITCHEN CURTAIN (250X120)
WAS R149.99 EA | NOW R99.99 EA
SAVE R50
CORNELLY VOILE (5MX2.18)
WHITE & CREAM
WAS R279.99 EA | NOW R199.99 EA
SAVE R80
GLASS VASES
20CM - 70CM FROM R99.99
40CM - 80CM FROM R149.99
60CM - 100CM FROM R199.99
PLAIN LINEN CURTAINING (280CM)
WAS R149.99 PM | NOW R99.99 PM
SAVE R50
PRINTED COTTON (150CM)
IMPORTED FROM USA
WAS R99.99 PM | NOW R59.99 PM
SAVE R40
SAREE CARPET (160X230)
WAS R1399.99 EA | NOW R699.99 EA
SAVE R700
WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES - SALE WHILE STOCKS LAST - PRICES VALID FROM THE 26 MARCH TILL 18 APRIL 2019 - IMAGES USED FOR ILLUSTRATION PURPOSES

# Presteer tydens SA Kampioenskappe



*Estené Janse van Rensburg, atleet van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn, het onlangs aan die SA Atletiekkampioenskappe in Germiston deelgeneem aan die 1500m Stap, nadat sy 'n derde plek op die Vrystaatkampioenskappe verower het.*

# Eerste Hokkiespan woon hokkiekliniek by



*Die eerste hokkiespan van Hoërskool Heilbron het die Nedstar Hokkiekliniek in Warmbad bygewoon gedurende die vakansie, vanaf 24 tot 27 Maart. Hulle is geoefen en gereed vir die hokkieseisoen wat voorlê. Op die foto is voor vl: Judike Gavin, Danelle Oosthuizen, Liza Grobler, Erna Els en Leandri Bennink. Agter van links: Juffrou Corli Swart (spanbestuurder), Danica Boucher, juffrou Sunelle van Heerden (afrigter), Marni Matthee, Megan Strydom, Nikita Grobler, Lene Houy, Anica Grobler, Hilde Roos, Jacori Labuschagne en Jane Janse van Rensburg.*




# SA Kampioen in aksie




*Sarel Mouton van Hoërskool Heilbron in aksie tydens die SA kampioenskappe in Port Elizabeth. Hy het eerste plek behaal in die o/19 paalspring en verower 'n goue medalje.*

# Briewe aan: Redakteur

***Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.***

Baie geluk aan Sarel Mouton van Hoërskool Heilbron, hy het met paalspring in Port Elizabeth eerste gekom met 4.4m waarmee hy goud huistoe gebring het! Tannie "Nienie" is trots op jou!

# GEKLASSIFISEERD

Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 30 Mrt. | 14 / 32 | Sonnig, warm |
| So 31 Mrt. | 14 / 30 | Sonnig, warm |
| Ma 1 Apr. | 17 / 29 | 28% kans vir donderbuie |
| Di 2 Apr. | 16 / 34 | 46% kans vir donderbuie |
| Wo 3 Apr. | 16 / 24 | 30% kans vir reën |
| Do 4 Apr. | 15 / 27 | 36% kans vir laatmiddag buie |
| Vr 5 Apr. | 14 / 28 | 35% kans vir donderbuie |
| Sa 6 Apr. | 14 / 29 | 52% kans vir donderbuie |
| So 7 Apr. | 14 / 29 | 50% kans vir donderbuie |
| Ma 8 Apr. | 14 / 28 | 48% kans vir donderbuie |
| Di 9 Apr. | 14 / 27 | 48% kans vir donderbuie |
| Wo 10 Apr. | 14 / 26 | 50% kans vir donderbuie |

## KENNISGEWING

### KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle **DANIËL JACOBUS DU PLESSIS,** Identiteitsnommer: 6005085024084, in die lewe getroud buite gemeenskap van goed, woonagtig te 12de Straat No. 32, Heilbron, 9650, provinsie Vrystaat, **Boedelnommer: 10667/2017.**
Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet no. 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwiasie-en -Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landroshof te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê. Indien binne genoemde tydperk geen besware by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & VENNOTE ING.**
**KERKSTRAAT 40**
**POSBUS 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

### KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 35(5) VAN DIE BOEDELWET

In die boedel van wyle **DONALD ANDREW MITCHELL VAN WYK,** Identiteitsnommer: 3210125005084, wie oorlede is op 8 Augustus 2018, ongetroud en woonagtig was te Viljoenstraat 16, Reitz, boedelnommer 007011/2018.
Ingevolge Artikel 35(5) van die Boedelwet, Wet 66 van 1965 word hiermee kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distrubisierekening in bogenoemde boedel in die kantore van die Meester te Bloemfontein en Landdroskantoor te Reitz vir 'n tydperk van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
**CHRISTIE VAN WYK**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 26**
**POSBUS 98, REITZ, 9810**
**TEL: 058 863 3468/9**
**FAKS: 058 863 3467**

## KENNISGEWING

### BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON

***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***




- 26 Maart 2019
- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019

(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).

- 26 November 2019

## JAARBEPLANNER

**APRIL**
26 Donkie Derby Hoërskool Heilbron

**OKTOBER**
12 SPAR-Gholfdag.

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **JAN VAN DER VYVER DREYER,** Identiteitsnommer: 670726 5008 080, ongetroud, wie woonagtig was te Greenmanstraat 85, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 6 Januarie 2019.
**Boedelnommer: 001455/2019.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoeme tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33,**
**POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

### NG GEMEENTE KOPPIES-WELTEVREDE PAASKONFERENSIE 2019

**TEMA:** Ek roem in die kruis
**PREDIKERS:** Ds. Piet du Toit en Ds. Barnard
**LOFPRYSING:** Oscar Ehrensperger
**WAAR:** NGK Koppies-Weltevrede
**WANNEER:** 19 - 21 April 2019

***Kontak Linda Beukes, weeksdae 08:00 - 12:00 by 056 777 1762***
***Of E-pos: ngweltevrede@carfone.net***

Etes kan bespreek word: Koffie en beskuit gratis, Middagete R30 en Aandete R20.
**Bespreek etes asseblief voor of op 5 April 2019.**
Indien vroegtydig bespreek word kan gratis verblyf by gemeentelede gereël word of u kan u eie verblyf reël op u eie onkostes.
E-pos adres is: ngweltevrede@carfone.net

**Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033.**

## BETREKKING

### BUSTA MILLING HEILBRON

**POSITION AVAILABLE**

**MARKETING/SALES REPRESENTATIVE**

**Requirements:**
- Excellent communication skills.
- The position is not office bound and willingness to travel is non-negotiable.
- Matric/Grade12 and a valid driver's licence.
- Well-groomed individual.
- Ability to work well under pressure.

*Goal driven * Able to meet targets * Team player*
*Experience is an advantage, but not essential.*

**A competitive salary is being offered and transport will be provided.**

Please e-mail your CV as application to wijali.meule@gmail.com

**CLOSING DATE: 30 APRIL 2019**

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503**

### WOONSTEL TE HUUR

Woonstel te huur vir enkellopende persoon. Oopplan met 2 slaapkamers. Afdak vir motor. Prys R2 700 per maand (Water en Ligte ingesluit).
**Skakel Laurette Naudé 081 541 5566**
**SKB**

### SKOOL TERMYNE

• Sluit 15 Mrt. Open 2 Apr. • Sluit 14 Jun. Open 9 Jul. • Sluit 20 Sept. Open 1 Okt • Sluit 4 Desember

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### MADELIEF SKOONMAAK-DIENSTE

Professionele stoomskoonmaak van u matte, meubels & motors (bekleedsels & matte) op Heilbron, asook omliggende dorpe en plase. Slegs kontant.
**Skakel: Madelief 082 373 2954 of 058 853 0261 Heilbron**
**R**

### WE SPECIALIZE IN

• Screen Wall, Concrete, Plastering, Paving, Steel Structure, Trailers (Manufacturing & reparing), Car Port, Palisade.
***"We are the solution to your problem".***
**Tuks Project CC**
**Cell: 073 763 3352 (Stephen)**
**E-Mail: mahlasinyanatutubala@gmail.com**
**K1655**

**Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033**

## TE KOOP




### HEILBRON KLINIEK

Griepspuite binnekort beskikbaar by kliniek.

### TUPPERWARE TE KOOP

Vir bestellings kontak
**Jolandri 079 846 1075**
**Heilbron**

### SKAPE TE KOOP

Staak skaap boerdery, Dohne-Merino skape te koop.
**Skakel eienaar 064 950 1787**

### TE KOOP

Foxterriër hondjies te koop. Ingeënt en ontwurm. R800 elk. 2 Reuntjies & 4 tefies.
**Tel: 061 764 064**
**Heilbron**
**K1657**

### KRAGOPWEKKERS TE KOOP

• 1 x 3 KVA - Lister semi automatiese diesel kragopwekker (kort geringe aandag).
Prys: R8 000.
• 1 x 68 KVA - 3-fase kragopwekker met Deutz lugverkoelde enjin (basies nuut).
Prys: R110 000.
***Sluit skakelborde in.***
***Pryse sluit nie BTW in nie.***
***Tel: 083 651 4570***
**K1656**

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

*Vir die beste transaksies en diens*

**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**




### ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoef-tiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGSERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

huisie op die hoek
Langmarkstraat 62
Alles onder een dak!

Luha
Kom geniet die heerlikste quiche en Cappuchino terwyl jy jou verkyk aan die geskenke en decor beskikbaar by Luha. Laat Petite Rouge Vintage Chalk Paint jou wegneem na 'n wêreld vol kreatiwiteit!
Kontak Cemon - 082 822 0028

Riemlander TRADING POST
Geskenke-Dekor-Juwele
Ons bied 'n groot verskeidenheid unieke en handgemaakte dekor en geskenke.
Ons kan jou ook help met al jou hout lasersny behoeftes.
Kontak ons by 072 238 1658

Haircuts and Shaves
Barber Lin
Mans Hare
Kontak Liezl - 082 629 0217

Platteland Juwele
Alwico 074 231 7506

Onthou ons hou Paasmark!!
Vrydag 5 April

# Annatjie Bezuidenhout skielik oorlede

Die gemeenskap van Heilbron is vandeesweek geskok deur die skielike heengaan van Annatjie Bezuidenhout.

Annatjie was 'n nooi Pienaar, gebore op 19 November 1970 in Heilbron. Sy het hier grootgeword en ook gematrikuleer. Sy was nog al die jare in en om Heilbron en het vir 'n rukkie in Deneysville gewoon en daarna weer teruggekeer Heilbron toe.



Sy was 'n bekende op 'n spinfiets waar sy ook talle vriendinne gehad het. Sy het 'n liefde gehad vir kosmaak en graag spysenering gedoen. Bezuidenhout se Pekinees honde was soos kinders in haar huis.

Sy het die afgelope twee jaar haar tyd bestee aan die bemarking van eiers. Annatjie sal altyd onthou word vir haar liefdevolle en omgee-hart.

Haar gedenkdiens vind vandag om 11:00 plaas vanuit die NG Suid Kerk in Heilbron. Sy laat haar moeder, twee susters, 'n seun en skoondogter na.

MY SPAR Cash Back
Neem asseblief kennis dat slegs R500 per kliënt by kassiere getrek kan word. Jammer vir die ongerief
Please take note only R500 per client can by withdrawn from cashiers. Apologies for the inconvenience
SPAR Heilbron
058 853 0066

Hinterland™
29 MARCH - 30 APRIL 2019
WHILE STOCKS LAST
MASSIVE SALE
SAVE UP TO 50%
Wide range of products available:
Irrigation • Animal Care • D.I.Y • Garden • Yard & store products
Clothing & shoes • Camping & outdoor and many more!
Also buy products online, visit
www.stockclearanceportal.co.za
*PRODUCTS MAY DIFFER FROM BRANCH TO BRANCH & ONLINE
AFGRI Town&Country
Senwes village
Hinterland™
AFGRI Town&Country en Senwes Village is handelsmerke van Hinterland
AFGRI Town&Country and Senwes Village are trademarks of Hinterland

Herald Sport

# Jackie word nie maklik geklop

## Wen 'n speenkalf

Klubkampioenskappe het die manier om die beste uit spelers te haal, maar jy moet vir 36 putjies kan konsentreer. Jackie Leonard is gholf-fiks en sy wen telling wys dit ook. Hy het sy titel met sukses verlede Saterdag tydens die jaarlikse klubkampioenskappe verdedig. Hy wen met 'n telling van 2 oor baansyfer, 146 houe vir die dag. Die kampioenskappe word in voorgee afdelings ook gespeel, Obie Oberholzer eindig eerste in die B afdeling met 171 houe. Steve Maloka wen die C afdeling met 185 houe en Jerry Nhlapo was die senior afdeling wenner oor 18 putjies met 88 houe. Christene Strydom speel 'n goeie rondte van 90 houe om as die dames kampioen gekroon te word.

Die AP Kerk op Heilbron bied op 6 April hulle dag aan en daar sal R10 000 se vleispryse op die spel wees. Buiten dit kan jy ook 'n speenkalf wen as jy 'n *hole in one* die dag slaan. Vir 'n skamele R300 per inskrywing kry jy ook halfweg en aandete. Die formaat is *best drive betterbal*. Skryf in by Selana 076 856 4990 of Lukas Swart 082 322 5150.

Die naweek is daar Saterdag vanaf 12:00 gewone spel.



*So lyk Heilbron Gholfklub se bestes vl: Obie Oberholzer, Jackie Leonard, Steve Maloka en Jerry Nhlapo.*

# Duiwe Nuus



*Tydens die Noord-Oos Vrystaat Posduif Federasie se algemene jaarvergadering is die volgende lede tot die bestuur verkies vir 2019: Op die foto voor: Peet Crouwkamp - wedvlugsekretaris, tesourier en sekretaris. Agter: Johan Smalberger - vervoerbeampte, Dries van der Walt - Ondervoorsitter, Riaan Kriel - Voorsitter en Fritz Wolmarans - bykomende lid.*



*Die Federasie Kampioen vir 2018 is: Danie van Niekerk van FED Hokke. Hy is n lid van KRK klub. Handro Swart is die Junior Federasie kampioen vir 2018. Hy is n lid van KRK. Peet Crouwkamp is die Federasie Wedvlugsekretaris. Op die foto is voor: Handri Swart. Agter: Danie van Niekerk en Peet Crouwkamp.*



*Tydens KRK se algemene jaarvergadering is die volgende lede tot die klub se bestuur vir 2019 gekies: Op die foto van links voor is: Martie Griesel - sekretaresse, Ronel Fourie - Wedvlugsekretaris, Rensche Kriel – tesourier en Johan Fourie - Wedvlugsekretaris. Agter: Marianne Swart - reklamebeampte, Riaan Kriel - Voorsitter en Willem Muller - Ondervoorsitter.*




# Ruiterklub Nuus

Heilbron Ruiterklub nooi al sy lede na die klub se maandelikse rit, wat môre deur die dorpenaars aangebied word. Die rit vind plaas by Willem en Marilize Lootz (RSA Grain Storage Solutions). Daar word beplan om ongeveer 13:00 te vertrek. Na die rit sal daar weer lekker saamgekuier word. Hoop om almal daar te sien. Vir navrae kontak gerus vir Eddie Swart by 082 4499 113.

Heilbron RUITERKLUB

**Spertyd vir bydraes en advertensies vir die koerant is WOENSDAG om 10:00. Indien u enige nuus het, skakel asseblief vir Jolandri by 079 846 1075.**

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 2 APRIL 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617
KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066
STANDERTON Spesiale Veiling: SHS BAKGAT
Alle tipe vee
11:00, Standerton veilingskrale
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

WOENSDAG - 3 APRIL 2019
BULTFONTEIN AANTEELVEILING
1190 Skape
11:00 Bultfontein veilingskrale
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DONDERDAG - 4 APRIL 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Eddie Muller 082 926 2219
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VRYDAG - 5 APRIL 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 6 APRIL 2019
HEIDELBERG : INANNA ISHTAR ARABIERE
32 Perde
11:00, Caesarsvlei Landgoed, Heidelberg
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID